## *ELJADA HUIS MSW*

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont

11 September 2014

Dagsê Almal

Alle eer aan Hom vir wie ons alles kan vra en Hy vir ons gee soos Hy beskik. Dankie Hemelse Vader dat ons so bevoorreg is om as een van die 7 finaliste aangewys te word vir die groenteverwerkingsprojek by Helpende Hand. Vanaand word die wenners aangewys en ek voel op 61 soos ŉ 16 jarige tiener wat na die "prom" aand toe moet gaan in afwagting. Ek en Petro vra "Wat trek ons aan" en ek sê vir haar "Sommer ŉ kerkrok" want wat vir die Here goed is sal vanaand ook goed en reg wees.

Hiermee wil ek graag my opregte dank aan almal uitspreek vir die ondersteuning wat ek ontvang het met die sms'e en steeds gaan kry met bestellings wat gaan instroom om van hierdie projek die sukses te maak wat die bedoeling was. Die mense wat daarmee besig is geniet hulleself. Ek hoor ŉ gesing en stap agtertoe om te sien wat aangaan en kry die "kappiekommando" besig om lofliedere vir die Here te sing terwyl daar geskil en gekerf word en my gemoed raak vol van dankbaarheid teenoor Hom wat dit vir ons moontlik gemaak het. Ongeag waar ons eindig vanaand is ons alreeds wenners met wat ons hier reggekry het. Kom kyk en ervaar saam met my hierdie vreugde.

Die gebedskussingprojek het ook deurgedring na die finale 7 en watter verwondering ervaar ek nie om te weet dat dit ook hier by die Eljada Huis gedoen word. Ons is dubbel geseën. Baie dankie en geluk aan Faith wat dit vir ons moontlik gemaak het. In my wildste drome het ek nie 4 jaar gelede gedink dat dit moontlik sou wees om soveel dankbaarheid te kan ervaar nie.

Bid asseblief steeds vir ons want die onderlinge wederstrewigheid is en bly maar teenwoordig.

ŉ Gesinnetjie wat nou hier betrokke is was beide in spesiale skole en is geestelik gerem maar albei is baie gelukkig met die verwerking van die groente, lag altyd en dit is so heerlik om dit te sien. Hulle het 2 dogtertjies wat ook in die spesiale skool in Silverton is omdat hulle net soos mamma en pappa nie kan lees of skryf nie. Hulle ry bus en dit kos hulle R250pm per kind en ek vra of iemand ons daarmee kan help. Dan het ŉ ander wonderlike geleentheid hom voorgedoen. Daar is volgens Ds Cobus audio bybels beskikbaar op ŉ apparaat wat lyk soos ŉ selfoon. Ek sou baie graag vir hierdie gesin so ŉ apparaat wou gee aangesien hulle nie kan lees nie maar tog ken hulle die Here en is baie meelewind tydens die bybellees elke oggend. Die apparaat kos egter R150 en ek sal dit werklik waardeer indien ons so 10 van hierdie apparate kan aankoop as dit geborg word. Verskeie ander van die mense kan gladnie of baie swak lees en hierdie geleentheid maak dit vir hulle moontlik om die Woord te kan hoor in hul binnekamer. Kontak gerus vir Ds Cobus Rossouw by die GK Daspoort indien u meer wil weet of ons wil borg – 012 379 2300. Baie dankie by voorbaat

Eljada Huis groete. Annatjie.

***<u>Debietorders vir ŉ maandelikse bydrae kan nou voltooi word. Kontak my gerus.</u>***

| |
|---|
| ***Bankbesonderhede***<br>**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**<br>**Marketlink spaar, 044396058,**<br>**Bankkode 051001** |

***<u>NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!</u>***

- **KOS – BAIE GROOT NOOD**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **Plastiese sakke – groot en klein, bakke en bottels**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Plastiese tafeldoeke**
- **Groot tafels.**
- **Nuwe bussie en bakkie**

**NS. Almal vra hoe werk die aflewering van die groente en kom ons dink saam aan ŉ plan:**
**My voorstel is:**

- **Kry iemand binne die gemeente of omgewing wat werkloos is maar wel ŉ voertuig het of maak een beskikbaar om weekliks bestellings te kry en dit dan te kom afhaal teen 'n fooi.**
- **Bestellings word geplaas en kan by die huis afgehaal word.**

**Sodra ons voertuigprobleem opgeklaar is kan ons ook iemand aanstel om die aflewerings te doen. As daar iewers ŉ bakkie rondstaan wat nie gebruik word nie maar nog betroubaar is kan dit ook help.**

**Baie dankie by voorbaat. Annatjie**